education
Lefapha la Thuto
Onderwys Departement
Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# GRAAD 11

# GEMEENSKAPLIKE TAAK

# AFRIKAANS
# EERSTE ADDISIONELE TAAL

## Taak 7

## Vraestel 1

## DATUM: JUNIE 2018

**Tyd: 2 ure** **Punte: 80**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings

   AFDELING A: Leesbegrip (VRAAG 1) (30 punte)

   AFDELING B: Opsomming (VRAAG 2) (10 punte)

   AFDELING C: Taal (VRAAG 3 - 5) (40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke afdeling op ‘n NUWE bladsy.
4. Trek 'n lyn na elke Afdeling
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is
6. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.
7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.
8. Voorgestelde tye:

   AFDELING A: 50 Minute

   AFDELING B: 30 .Minute

   AFDELING C: 40 Minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A : LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

## TEKS A: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.

# Coca-Cola oral waar jy gaan.

Daar is kenners wat meen die woord “Coca-Cola" is naas “oukei” die bekendste ter wêreld. Of dit so is of nie weet niemand nie, maar een ding is seker: Coca-Cola het op ‘n vreedsame manier die aardbol gekolonialiseer.

1. Terwyl jy besig is om hierdie sin te lees, is meer as ‘n miljoen mense iewers in die wêreld besig om Coca-Cola te koop, of besig om ‘n Coca-Cola te drink. In die tyd wat jy hierdie hele artikel gelees het, het meer as ‘n miljard mense Coca-Cola óf gekoop óf gedrink.

2. En nee, hierdie is nie ‘n Coca-Cola -advertensie nie. Inteendeel. Daar word gemeen dat al sal Coca-Cola glad nie geadverteer word nie, die produk vir ‘n paar jaar suksesvol verkoop sou word op grond van die gevestigde produknaam en geskiedenis. Coca-Cola is immers al meer as 325 jaar oud.

3. Coca-Cola is seker een van die suksesvolste handelsmerke ter wêreld. Jy sal dit oral kry: in die hartjie van ‘n klein township waar dit oor ‘n kombuistoonbank in ‘n spaza-winkel verkoop word, in die middel van die Karoo, iewers in midde-Afrika of enige ander plek ter wêreld. Een ding kan jy maar seker weet, daardie blikkies of bottels met die kenmerkende Coca-Cola handelsmerk gaan jy iewers sien. Selfs in Chinees of Arabies sal jy dit herken.

4. Oor die ontstaan en geskiedenis van Coca-Cola is daar soveel bronne en verwysings op die internet dat dit jou letterlik maande aaneen sal besig hou. Maar die eintlike storie loop so: Coca-Cola is in Mei 1886 deur dr. John Pemberton, ‘n apteker van Atlanta in Georgia, ontwikkel. Daar word gesê dat die oorspronklike formule vir Coca-Cola volgens gerugte in ‘n bankkluis in Atlanta bewaar word.

5. Het jy geweet?

    - Die eerste Coca-Cola het kokaïen en kafeïen bevat. Dit is verkry van die Kakaoblaar en Kakaoneut wat gebruik is om die drankie sy smaak te gee. Dis ook waar die naam vandaan kom.
    - Die bekende Coca-Cola handelsmerk is in 1885 deur Frank Mason Robinson, geskep. In 1915 het die Coca-Cola maatskappy ‘n kompetisie gehad om ‘n houer te vind wat “dadelik deur mense herken sal word, selfs al voel hulle dit in die donker”. Dit moes so herkenbaar wees dat al sou jy net ‘n stukkie van die houer sien, jy dadelik sal weet dis ‘n Coca-Cola houer.

- Hierdie houers word sedert 1916 gebruik en het Coca-Cola se unieke patent geword. Tot vandag toe is dit een van die herkenbaarste ikone ter wêreld.
- Die manier hoe Coca-Cola die wêreld op ‘n vreedsame manier oorgeneem het, is tot vandag toe iets waaroor almal praat.
- Coca-Cola gebruik gereeld liedjies wat deur liedjieskrywers en sangers geskryf is om sy produk te bemark. Dink maar aan I’d like to teach the world to sing (1971) en Open happiness (2010).

6. Volgens Francois Jonker van The Open Window School of Visual Communication, is Coca-Cola se grootste geheim van sy sukses, waarskynlik sy baie slim bemarking. “Kyk ‘n bietjie om jou rond, oral is advertensies van Coca-Cola te sien. Ons is al so gewoond daaraan dat ons dit amper nie eens meer raaksien nie. En tog sien mens dit onbewustelik raak.” Francois sê: “Coca-Cola gebruik dikwels op ‘n slim manier visuele elemente soos karakters of grafieke uit rekenaarspeletjies. Dis jonk, trendy en kontemporêr.”

7. Of Coca-Cola so ‘n gesonde drankie is, is ‘n vraag vir ‘n volgende keer. Geniet maar intussen jou Coca-Cola as jy nie baie gesondheidsbewus is nie.

[ Verwerk uit: my tyd: Rapport 15 Februarie 2010]

1.1 Watter TWEE WOORDE in die inleidingsparagraaf sal deur almal in die wêreld herken word? (2)

1.2 Lees die volgende stelling deur en beantwoord dan die vraag.

*“Coca-Cola word nie aan geweld gekoppel nie.”*

Bewys die stelling deur ‘n WOORD uit die inleidingsparagraaf aan te haal. (1)

1.3 Hoeveel mense het Coca-Cola “óf gedrink óf gekoop”, in die tyd wat jy die artikel deurgelees het? (1)

1.4 Dink jy die stelling "En nee, hierdie is nie 'n Coca-Cola advertensie nie" is korrek.
Waarom sê jy so? (1)

1.5 Waarom sou Coca-Cola, volgens die artikel, goed verkoop sonder dat dit geadverteer word? Noem TWEE redes. (2)

1.6 Gee EEN WOORD (paragraaf 3) wat vir jou sê dat Coca-Cola ‘n handelsmerk is wat baie geslaagd is. (1)

1.7 Verwys na paragraaf 4.

1.7.1 Wat is die persoon se naam wat Coca-Cola ontwikkel het? (1)
1.7.2 Wat was hierdie persoon se beroep? (1)

1.8 *Die resep van* Coca-Cola *word al sedert die ontdekking daarvan in 'n bankkluis in Atlanta bewaar.*

Is bogenoemde stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Waarom dink jy, is Coca-Cola nie goed vir jou gesondheid nie.
Gee TWEE redes. (2)

1.10 Noem TWEE bestanddele waarvan Coca-Cola gemaak word. (2)

1.11 "In 1915 het die Coca-Cola maatskappy 'n kompetisie gehad …"

Wat was die rede vir hierdie kompetisie? (1)

1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.
Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A-D) neer, bv.1.12 E.

"Tot vandag toe is dit een van die herkenbaarste ikone ter wêreld" beteken …

A Dit was in die verlede altyd baie bekend.
B Dit word nie maklik herken nie.
C Dit was nie altyd oral in die wêreld herkenbaar nie.
D Dit word oral in die wêreld herken. (1)

1.13 Watter liedjies is al gebruik om Coca-Cola te bemark? Noem TWEE (2)

1.14 Skryf TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 6 neer wat vir ons sê waaraan Coca-Cola se sukses toegeskryf kan word. (1)

1.15 Lees die stelling deur en beantwoord die vraag wat volg:

"*Ons is al so gewoond aan Coca-Cola -advertensies om ons, dat ons dit nie meer raaksien nie."*

Is die bogenoemde stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Verwys na paragraaf 6.

1.16.1 Noem EEN visuele element wat Coca-Cola gebruik in advertensie-veldtogte. (1)

1.16.2 Waarom, dink jy, is die gebruik hiervan suksesvol? (1)

1.17 Dink jy dat gesondheidsbewuste mense Coca-Cola moet drink? Motiveer jou antwoord. (1)

**[24]**

**EN**

**TEKS B : INSKRYWINGSVORM**

Lees die onderstaande inskrywingsvorm en beantwoord dan die vrae.



"spin" vir jou lewe

INSKRYWINGSVORM

SUPER DUPER SPIN MARATON TEN BATE VAN GELUKSDALKINDERHUIS
SATERDAG 20 OKTOBER 2017 08:00 – 18:00 TRADERS VLOOIMARK

Neem deel in een van die volgende kategorieë; Merk met 'n **X**.

- Kategorie 1: Spaninskrywing @ R1000 per span
- Kategorie 2: Spaninskrywing geborg per kilometer
- Kategorie 3: Individue @ R100 per uur
- Kategorie 4: Individue geborg per km

**Naam van deelnemer:** _______________________________________

**Inligting (Verpligtend) : Naam en van** _________________________________
**Selnommer** _________________________ **ID nommer** ____________________________
**E-posadres** __________________________ **Werk no.** ______________________________

Dui die tyd aan wanneer jy wil deelneem: 08:00/ 09:00/ 10:00/ 11:00/ 12:00/ 13:00/ 14:00/ 15:00/ 16:00/ 17:00/ 18:00

1.18 Watter "voertuig" sal in die marathon gebruik word? (1)

1.19 Ten bate van watter instansie word hierdie fondsinsameling gehou? (1)

1.20 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.
Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord (A-D) neer, bv.1.20 E.

Wie sal baat by hierdie fondinsameling?

A Werklose volwassenes.
B Fietsryers.
C Kinders.
D Sportsterre. (1)

1.21 Hoeveel kategorieë is daar waarin jy kan deelneem? (1)

1.22 Slegs spanne kan deelneem.
Gee EEN rede hoekom dié stelling ONWAAR is. (1)

1.23 Waarom, dink jy, moet die organiseerders weet hoe laat jy wil deelneem? (1)

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

**AFDELING B**
**VRAAG 2**

**TEKS C: OPSOMMING**

**INSTRUKSIES**

- Soek sewe **wenke wat 'n mens kan gebruik om jou selfvertroue op te bou.**
- Skryf die wenke puntsgewys onder mekaar neer.
- Onthou om volsinne te gebruik.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Dui die aantal woorde onder die opsomming aan.

**Selfvertroue is 'n keuse.**

Soms voel dit vir jou almal om jou het selfvertroue. Behalwe jy. Die groot geheim is om in jouself en jou vermoëns te glo.

Volgens die mense wat weet, is die belangrikste manier waarop selfvertroue opgebou kan word, om dinge te doen – ook die moeilike, vreesaanjaende dinge wat jy bly uitstel. As jy moet wag tot jy genoeg selfvertroue het, gaan jy dit dalk nooit doen nie.

Jy gaan egter nie net een oggend opstaan met hope selfvertroue nie. Dit is 'n proses wat begin deurdat jy eksperimenteer met nuwe dinge wat jou leer om op jouself staat te maak.

As jy altyd bekommerd is dat mense vir jou gaan lag of as jy wonder wat mense gaan dink, onthou dat hulle dalk net soos jy voel. Stap na hulle, wees vriendelik en deel komplimente uit. Jy sal so besig wees om op hulle te konsentreer dat jy sal vergeet om jou te bekommer oor wat hulle van jou dink.

Baie mense dink voor 'n moeilike situasie al hoe 'n mislukking hulle gaan wees. Doen dit anders. Voordat jy iets senutergends aanpak, visualiseer hoe goed jy gaan vaar en hoe jy sukses behaal.

Moenie jou selfvertroue koppel aan uiterlike dinge, soos geld of 'n belangrike werk nie. Onthou, jy kan die werk of jou geld dalk verloor.

Moet jou nie steur aan wat ander van jou sê nie. Laat dit oor jou vloei soos water van 'n eend se rug. Net jy kan die pad na selfvertroue stap. Dis jou keuse.

***Bron: Vrouekeur 13 April 2009***

**TOTAAL VIR AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

**TEKS D**

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.




[Verwerk uit *Google ads]*

3.1 Wie is die adverteerder? (1) (1)

3.2 Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? (1)

3.3 Die adverteerder rig 'n uitnodiging aan die leser. Wat is die uitnodiging? (1)

3.4 Skryf die korrekte WOORD neer om aan te dui dat die DBV net 60 minute van jou tyd vra.
Slegs (een uur/ eenuur) van jou tyd kan genoeg geld insamel. (1)

3.5 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die antwoord (A-D) neer, byvoorbeeld 3.5 (E).

Dink asseblief ______ om vrywilligheidsdiens te doen.

A aan
B met
C daaraan
D vir (1)

3.6 Wie is die persoon wat volgens die adverteerder 'n verskil kan maak? (1)

3.7 Hoeveel troeteldiere gebruik die adverteerder in sy advertensie? (1)

3.8 Noem TWEE tegnieke wat die adverteerder gebruik om jou te oortuig om deel te wees van die projek. (2)

3.9 Skryf die slagspreuk van die DBV neer. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**
**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




Raampie 1 | Raampie 2 | Raampie 3 | Raampie 4

4.1 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies:

Calvin is ‘n klein (seun) (1)

4.2 VERBIND die sinne hieronder met die woord tussen hakies.

Calvin lê op sy bed. Hy wil slaap. (omdat) (1)

4.3 Gee die korrekte VOORSETSEL. (raampie 1)

Calvin lê … die slaapsak. (1)

4.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Hulle slaap in die tent onder die (maan + lig). (1)

4.5 Kies die KORREKTE woord.

In raampie 2 staan die tent langs ’n (denneboom/ deneboom). (1)

4.6 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Dit is die (donker) nag wat Calvin ooit gesien het. (1)

4.7 Voltooi die sin deur die TEENOORGESTELDE GESLAG in te vul.

Calvin sê (seuns) kan nie in die tent slaap nie. (1)

4.8 Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.

Calvin en sy hond is (baie bang). (1)

4.9 Kies die korrekte woord om die UITDRUKKING te voltooi.

Liewer bangjan as … beteken dat dit beter is om liewer lafhartig te wees as om
dood te gaan.

A oorle’Jan
B dooie Jan
C ronde Jan
D vreeslike Jan (1)


4.10 Wat dink jy gebeur in raampie 4? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**
**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

(5.1.1) TANNIE SARIE IS DIE … IN



Tannie Sarie se hoenders was haar trots.

(5.1.2) Sy het ‘n baie mooi haan gehad.

(5.1.3) Haar tuinwerker het haar (in die kombuis) (uitasem) vertel (een middag). Die haan lê dood by die sinkdam.



(5.1.4) Toe sy daar kom, het sy onmiddelik besef dit is ’n misdaadtoneel.

(5.1.5) Tannie Sarie het die haan 5m van die sinkdam gekry. Sopnat …

(5.1.6) Daar was klei in die haan se bek.

Daar was klei in die haan se keel.

Sy het reguit na Hendrik se kamer marsjeer.

(5.1.7) Sy sleep hom aan sy voete onder die bed uit.

(5.1.8) "Het jy dit gedoen?"

(5.1.9) Hendrik sê dat die hoender kan swem.

"En die klei in sy keel" vra tannie Sarie. (5.1.10) Hendrik sê dat hy die haan op die grond neergesit het. "Die haan wou nie staan nie.

Ek was bang hy gaan dood.

Toe het ek klei in sy keel gedruk om te keer dat hy sy laaste asem uitblaas".

5.1.1 Voltooi die SPREEKWOORD wat die beste by die prentjie pas.
Skryf die vraagnommer (5.1.1) en die letter (A-D) neer.

Tannie Sarie is die … in.

A voëls
B hoenders
C ganse
D haan (1)

5.1.2 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.
Sy het ’n baie mooi haan gehad. (1)

5.1.3 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.
Die tuinwerker het haar (in die kombuis) (uitasem) vertel (een middag).

Begin so: Die tuinwerker het haar… (1)

5.1.4 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Dit is ’n misdaadtoneel. (1)

5.1.5 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Tannie Sarie het die haan 5m van die sinkdam af gekry.
Begin so: Die haan… (1)

5.1.6 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Daar was klei in die haan se bek. Daar was klei in die haan se keel (en). (1)

5.1.7 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Sy sleep hom aan sy voete onder die bed uit. (2)

5.1.8 Vul die korrekte VRAAGWOORD in.

“… het jy gedoen?” (1)

5.1.9 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hendrik sê dat die hoender kan swem.
Begin so: Hendrik sê dat die hoender… (2)

5.1.10 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Hendrik sê dat hy die haan op die grond neergesit het.
Begin so: Hendrik sê… (2)

5.1.11 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Die hoender het gestaan. (1)

**5.2 TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




5.2.1 Kies die korrekte antwoord.
Meneer hou by 'n (laer skool/ laarskool/ laerskool) skool. (1)

5.2.2 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord.
Meneer haat die **laaste** dag van die skool, maar is lief vir sy werk. (1)

5.2.3 Kies die korrekte antwoord.
Dit is teen die skoolreëls om met 'n … in die klas te speel.

A tuinslang
B brandslang
C waterpyp
D waterslang (1)

5.2.4 Skryf die Afrikaanse woord van die vetgedrukte woord neer.
Een kind het met sy **pet**, 'n klein hondjie, skool toe gekom. (1)

5.2.5 Kies die korrekte antwoord uit die raampie.

| harnas; | horings; | plesier |
|---|---|---|

Aan die einde van elke kwartaal maak die kinders groot lawaai in die klas, dus neem hulle die klas op …
(1)

5.2.6 Voltooi die sin met die korrekte VOORSETSEL:
Een seun sit onder die tafel en hou ____ die tafelpoot vas. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**